



# Hoofstuk van die dag: Johannes 7

> *Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! (vers 37)*

Die huttefees het die woestyntyd in herinnering geroep, en God

se voorsiening, onder andere die water uit die rots (Eks 17:1-7). Elke dag het die priester aan diens water met ’n goue kan uit die Siloambron geskep. ’n Hele gevolg het seremonieel agter hom aangestap na die tempel, waar hy een maal om die altaar gestap het en die water dan by die altaar uitgegooi het onder feestelike trompetgeskal. Op die sewende dag het die priester nie net een maal nie, maar sewe maal om die altaar gestap.

Dis juis by dié hoogtepunt wat Jesus sy uitnodiging gemaak het. Soos God in die woestyn water voorsien het, kan mense na Hom toe kom, en strome lewende waters sal uit hulle binneste vloei (vers 38; vgl Op 22:17). Sy tydsberekening is veelseggend. Alles wat in die offerhandeling gesimboliseer is, wys na Hom – die voorsiening van God, die gebede en hoop op verlossing, is by Jesus te vinde.

Hierdie beloofde lewende water het ook jy ontvang toe Jesus aan jou sy Gees geskenk het (vers 39). Leef vandag opnuut daaruit!

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief


Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026